**No. R. 447** **29 May 2015**

**REGULATION ISSUED IN TERMS OF SECTION 74(1) READ WITH SECTION 23(3)*(b)(ii)* OF THE VALUE-ADDED TAX ACT, 1991 (ACT NO. 89 OF 1991)**

In terms of section 74(1) of the Value-Added Tax Act, 1991, I, Nhlanhla Musa Nene, Minister of Finance, hereby prescribe in the Schedule hereto, the requirements that must be met by a person applying for registration as a vendor in terms of section 23(3)(*b*)(ii) of the Act.

**N.M. NENE**
**MINISTER OF FINANCE**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## SCHEDULE

**DEFINITIONS**

1. In this regulation, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, has the meaning so assigned, and the following terms have the following meaning:

"**Banks Act**" means the Banks Act, 1990 (Act No. No. 94 of 1990);
"**National Credit Act**" means the National Credit Act, 2005 (Act No. 34 of 2005);
"**Tax Administration Act**" means the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011); and
"**the Act**" means the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991).

**REQUIREMENTS FOR VOLUNTARY REGISTRATION UNDER SECTION 23(3)(*b*)(ii)**

2. A person carrying on any enterprise whose total value of taxable supplies made or to be made has not exceeded R50 000, but can reasonably be expected to exceed that amount within 12 months from the date of registration, qualifies to apply to register as a vendor. That person must in addition to the information required in terms of Chapter 3 of the Tax Administration Act, provide the Commissioner with proof that any one or more of the circumstances in regulation 3 applies to that person.

**CIRCUMSTANCES WHEN A PERSON CARRYING ON AN ENTERPRISE CAN REASONABLY BE EXPECTED TO EXCEED R50 000 WITHIN 12 MONTHS FROM THE DATE OF REGISTRATION**

3. The Commissioner will be satisfied that a person carrying on an enterprise can reasonably be expected to make taxable supplies in excess of R50 000 in the twelve months following the date of registration, where one or more of the following circumstances exists:

(1) Taxable supplies made for more than two months:

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

*(a)* Proof that the average value of taxable supplies made by the person in the preceding months as contemplated in paragraph (*b*), prior to the date of application for registration, exceeded R4 200 per month;

*(b)* For purposes of determining the average value of taxable supplies, the person must use the value of taxable supplies made for a minimum of two and a maximum of eleven months immediately preceding the date of application;

(2) Taxable supplies made for one month: In the case where the person has only made taxable supplies for one month immediately preceding the date of application for registration, proof that the total value of taxable supplies made by the person in that month has exceeded R4 200;

(3) Written Contracts: The person is, in terms of a contractual obligation in writing, required to make taxable supplies in excess of R50 000 in the 12 months following the date of registration;

(4) Finance Agreements: A copy of the relevant agreement where the person has entered into—

*(a)* a financial agreement with a bank registered in terms of the Banks Act;

*(b)* a "credit agreement" with a "credit provider" as defined in the National Credit Act;

*(c)* an agreement with a designated entity, public authority or any other person who continuously or regularly provides finance; or

*(d)* a financial agreement with a person that is not a resident of the Republic;



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

wherein the person mentioned in (*a*), (*b*), (*c*) or (*d*) above has agreed to fund the expenditure incurred or to be incurred in the commencement or furtherance of the enterprise and the total repayments in terms of that financial, credit or other agreement will in the 12 months following the date of application for registration exceed R 50 000; or

(5) Expenditure:

*(a)* Proof of—

(i) expenditure incurred or to be incurred in connection with the commencement or furtherance of the enterprise, as set out in any written agreement entered into by such person; or

(ii) capital goods acquired in connection with the commencement of the enterprise, and

*(b)* Proof of payment or any extended payment agreement entered into in respect of items contemplated in sub-paragraph (5)(*a*)(i) and (ii), where applicable, evidencing that payment in respect of these items—

(i) as at the date of application for registration has exceeded R50 000;

(ii) will in any consecutive 12 month period commencing before and ending after the date of application for registration exceed R50 000; or

(iii) will in the 12 months following the date of application for registration exceed R 50 000.

**No. R. 447** **29 Mei 2015**

**REGULASIE UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL 74(1) SAAMGELEES MET ARTIKEL 23(3)*(b)*(ii) VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET NO. 89 VAN 1991)**

Kragtens artikel 74(1) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, skryf ek, Nhlanhla Musa Nene, Minister van Finansies, hierby in die Bylae hierby, voor die vereistes waaraan voldoen moet word deur 'n persoon wat om registrasie as 'n ondernemer kragtens artikel 23(3)(*b*)(ii) van die Wet aansoek doen.

**N.M. NENE**
**MINISTER VAN FINANSIES**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## BYLAE

### WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasie, tensy uit die samehang anders blyk, dra enige woord of uitdrukking in hierdie regulasie vervat waaraan 'n betekenis ingevolge die Wet toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan geheg, en die volgende terme het die volgende betekenis:

**"Bankwet"** beteken die Bankwet, 1990 (Wet No. No. 94 van 1990);
**"National Credit Act"** beteken die "National Credit Act, 2005" (Wet No. 34 van 2005);
**"Wet op Belastingadministrasie"** beteken die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011); en
**"die Wet"** beteken die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991).

### VEREISTES VIR VRYWILLIGE REGISTRASIE KRAGTENS ARTIKEL 23(3)(*b*)(ii)

2. 'n Persoon wat enige onderneming bedryf waarvan die totale waarde van die belasbare lewerings wat gemaak is of staan te word, nie R50 000 oorskry het nie, maar redelikerwys verwag kan word daardie bedrag binne 12 maande vanaf die die datum van registrasie te oorskry, kwalifiseer om aansoek te doen om as 'n ondernemer te registreer. Daardie persoon moet benewens die inligting vereis ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie, die Kommissaris van bewys voorsien dat een of meer van die omstandighede in regulasie 3 op daardie persoon van toepassing is.

### OMSTANDIGHEDE WAARONDER 'N PERSOON WAT 'N ONDERNEMING BEDRYF REDELIKERWYS VERWAG KAN WORD BINNE 12 MAANDE VANAF DIE DATUM VAN REGISTRASIE R50 000 TE OORSKRY

3. Die Kommissaris sal tevrede wees dat 'n persoon wat 'n onderneming bedryf, redelikerwys verwag kan word om belasbare lewerings wat R50 000 oorskry in

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

die twaalf maande wat volg op die datum van registrasie te maak, waar een of meer van die volgende omstandighede bestaan:

(1) Belasbare lewerings vir meer as twee maande gemaak:

*(a)* Bewys dat die gemiddelde waarde van belasbare lewerings deur die persoon gemaak in die voorafgaande maande soos beoog in paragraaf (*b*), voor die datum van aansoek om registrasie, R4 200 per maand oorskry het;

*(b)* Met die doel om die gemiddelde waarde van belasbare lewerings te bepaal, moet die persoon die waarde van belasbare lewerings gemaak vir 'n minimum van twee en 'n maksimum van elf maande onmiddellik voor die datum van aansoek gebruik;

(2) Belasbare lewerings vir een maand gemaak: In die geval waar die persoon slegs belasbare lewerings gemaak het vir een maand onmiddellik voor die datum van aansoek om registrasie, bewys dat die totale waarde van belasbare lewerings deur die persoon in daardie maand gemaak, R4 200 oorskry het;

(3) Skriftelike Kontrakte: Die persoon word, ingevolge 'n skriftelike kontraktuele verpligting, verplig om belasbare lewerings wat R50 000 oorskry, te maak in die 12 maande wat op die datum van registrasie volg;

(4) Finansieringsooreenkomste: 'n Afskrif van die tersaaklike ooreenkoms waar die persoon—

*(a)* 'n finansieringsooreenkoms met 'n bank geregistreer ingevolge die Bankwet aangegaan het;

*(b)* 'n "credit agreement" met 'n "credit provider" soos omskryf in die "National Credit Act" aangegaan het;

*(c)* 'n ooreenkoms met 'n aangewese entiteit, openbare owerheid of enige ander persoon wat voortdurend of gereeld finansiering verskaf, aangegaan het; of

*(d)* 'n finansieringsooreenkoms met 'n persoon wat nie 'n inwoner van die Republiek is nie, aangegaan het,

waarin die persoon genoem in (*a*), (*b*), (*c*) of (*d*) hierbo ingestem het om die uitgawes aangegaan of aangegaan te word in die aanvang of bevordering van die onderneming te befonds en die totale terugbetalings ingevolge daardie finansierings-, krediet- of ander ooreenkoms in die 12 maande wat volg op die datum van aansoek om registrasie R 50 000 sal oorskry; of

(5) Uitgawes:

*(a)* Bewys van—

(i) uitgawes aangegaan of aangegaan te word in verband met die aanvang of bevordering van die onderneming, soos in enige skriftelike ooreenkoms deur daardie persoon aangegaan, uiteengesit; of

(ii) kapitaalgoed in verband met die aanvang van die onderneming verkry, en

*(b)* Bewys van betaling of enige uitgebreide betalingsooreenkoms aangegaan ten opsigte van items in sub-paragraaf (5)(*a*)(i) en (ii) beoog, waar toepaslik, wat bewys lewer dat betaling ten opsigte van hierdie items—

(i) soos op die datum van aansoek om registrasie R50 000 oorskry het;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(ii) in enige opeenvolgende tydperk van 12 maande wat begin voor en eindig na die datum van aansoek om registrasie R50 000 sal oorskry; of

(iii) in die 12 maande wat volg op die datum van aansoek om registrasie R 50 000 sal oorskry.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertensies: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za